

God se Mense
Betaal Tiendes!

God se mense betaal tiendes!

Deur Roderick C Meredith

*Het u geweet dat die Skepper
'n finansiële wet het wat op
hedendaagse Christene van
toepassing is en dat die
Almagtige God diegene wat
bereidwillig is om daardie wet in
geloof te onderhou, sal seën?*

Hierdie boekie is nie te koop nie!

Dit word gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

GTA 5.0, Junie 2004

© 2004 Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou.
Gedruk in Suid-Afrika.

Skrifture in hierdie boekie is aangehaal uit die
Ou Afrikaanse Vertaling (OV, 1933)
tensy anders aangedui.
(NV, Nuwe Vertaling, 1983)

Die beklemtoning van gedeeltes van Skrifture
in hierdie boekie is dié van die uitgewer.

Vertalings uit nie-Afrikaanse tekste
is dié van die uitgewer.

Inhoudsopgawe

Bladsy

- | | | |
|-----------|-------------|--|
| 6 | Hoofstuk 1: | 'n Ekonomiese trein-ramp? |
| 9 | Hoofstuk 2: | 'n Wet deur God onder-rig |
| 14 | Hoofstuk 3: | Word God beroof? |
| 18 | Hoofstuk 4: | Doen U deel ten volle |
| 24 | Hoofstuk 5: | Help andere soos God u help |
| 28 | Hoofstuk 6: | Waarheen behoort u God se tiende te stuur? |
| 31 | Hoofstuk 7: | Die oorfloedige lewe wat God u toewens |

Hoofstuk 1

'n Ekonomiese treinramp?

Wat beteken die woord “tiende”? Is die wet van tiendeheffing steeds *vandag* van krag? Het *Jesus Christus* Self aangedui dat ons 'n tiende moet gee?

Dit is belangrik dat ons die antwoorde op hierdie en verwante vrae sal verstaan, veral gesien in die lig dat Suid-Afrika, soos die VSA, Kanada, Brittanje en Australië, binnekort **gestraf** sal word vir hul sorgelose verontagsaming van die wet van tiendeheffing, asook van vele ander wette van God. Al hierdie lande was fisies geseën bo ander nasies van die wêreld weens 'n belofte wat God eeue gelede aan Abraham gemaak het. Die Britse heerskappy bestaan egter nie meer nie. Selfs hul aansien in die Gemenebes is aan die kwyn. En, soos u oor die volgende paar jaar sal agterkom, sal Amerika se nasionale “trots” en aansien in duie stort.

Alhoewel Amerika steeds die magtigste nasie ter wêreld is, is dit ook die wêreld se grootste **skuldenaar**. Hulle skuld ander nasies baie meer as wat *enige* nasie nog ooit in die geskiedenis geskuld het. En, alhoewel Kanada se skuld minder as dié van die VSA in terme van geldwaarde is, is die Kanadese skuld in verhouding tot hul bevolking, groter!

Die tyd gaan binnekort aanbreek dat ons almal die **gelag sal moet betaal**. Baie gerespekteerde ekonome waarsku nou al jare lank teen hierdie groeiende probleem. 'n Vertaling van 'n aanhaling uit die *San Diego Union-Tribune* van 22 November 2000 lui soos volg:

“Talle privaat ekonome meld dat die agterstand moontlik 'n vlak bereik het wat 'n risiko vir die algehele ekonomie kan inhou indien buitelanders, wat gretig was om hul produkte te verkoop en vas te hou aan Dollar-gekoppelde beleggings, skielik sou besluit om hul Amerikaanse aandelebesit te laat vaar. Dit mag moontlik aandele- en verbandpryse skerp laat daal.

‘Die onvermydelike vraag wat weens ’n reusagtige en groeiende handelstekort ontstaan, is of hierdie situasie ’n dreigende treinramp verteenwoordig aldan nie’, sê Ken Mayland, ekonoom by *Clear View Economics* in Pepper Pike, Ohio”.

’n Dreigende ekonomiese treinramp? **Waarom?**

Dit is omdat ons mense – individueel en gesamentlik – God en Sy wette **versaak** het dat Hy begin om Sy seëninge aan ons lande te onttrek. *Dit* is die eintlike rede waarom Amerika die wêreld se grootste skuldenaar is. Dit is die rede waarom toenemende getalle Suid-Afrikaners, soos Amerikaners en Kanadese, verligting van toenemende persoonlike skuld soek deur bankrot te speel.

God sal nogtans, selfs gedurende die traumatiese jare wat die Groot Verdrukking voorafgaan, diegene beskerm en seën wat Hom dien en werklik Sy wette, insluitende die wet van tiendeheffing, **gehoorsaam**.

Wat is ’n tiende? Die woord “tiende” beteken bloot “’n tiende deel van” of 10 %. Dit verwys daarna dat ’n persoon ’n “tiende” van sy inkomste aan God gee. Die Almagtige God gee opdrag dat ’n tiende *aan Hom* gegee word – aan Sy ware leraars om Sy Werk te doen – en nie bloot op enige plek uitgedeel te word nie.

Die *wet van tiendeheffing* beteken eenvoudig dat die Grote God wat ons geskape het – wat aan ons ons lewe, talente, verstand en die krag waarmee ons ons werk doen, sowel as die land en hulpbronne waarmee ons werk, gegee het – van ons vereis om aan Hom *die eerste tiende* van ons opbrengs of inkomste *te betaal*.

Soverre dit die direkte aangeleentheid van tiendeheffing aangaan, bedoel God dit nie dat ons enigiets “gee” nie, maar dat ons ons Skepper ’n skamele bedrag **betaal** wat Hy as ons Skepper, ons Onderhouer, ons Rentmeester, ons Beskermer en ons God vereis.

Die Almagtige God beloof nietemin: “Vereer die HERE uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word en jou parskuipe oorloop van mos” (Spr. 3:9-10).

Ja, indien u God getrou **gehoorsaam** en die *eerste tiende* van u inkomste aan Hom betaal, sal Hy u lewe in baie fisiese en materiële opsigte **seën**. Hy het dit **beloof** en God breek nooit Sy Woord nie!

In Maleagi 3 waar God met die hedendaagse Jakob oftewel *Israel* praat (vers 8), verklaar Hy: “Mag ’n mens God beroof? Want julle beroof My en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die **tiendes** en die **offergawe**”. God kla ons hier aan dat ons, die hedendaagse afstammelinge van Israel (wat die Suid-Afrikaners insluit), ons Skepper en Sy Werk vandag **beroof**! Geen wonder dat daar vandag so min ware godsdiens op aarde oor is nie! Geen wonder dat daar so baie verwarring en bedrog in die naam van Christenskap aangaan nie!

God gaan voort: “Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!” (vers 9).

Dan **beloof** God in Sy Woord: “Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in My huis kan wees: en beproef My tog hierin, sê die HERE van die leërskaar, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ’n oorvloedige seën sal uitstort nie” (vers 10).

Hier is ’n aanloklike **uitdaging** deur die Almagtige God!

God sê dat Hy u sal seën wanneer u tiendeheffing toepas, **soos Hy beveel**, deur **geloof** in Hom en Sy Woord. Letterlik *honderde* gevallestudies kan opgenoem word om te wys dat God definitief die tiendegewer *seën*, selfs in *materiële* opsigte. Hy mag dit dalk nie altyd *dadelik* doen nie. Dit mag moontlik wees dat u Hom eers vir ’n tyd lank moet gehoorsaam en *geloof* uitoefen. Namate u Hom egter *dien*, Hom *gehoorsaam* en *vertrou*, **sal** God Sy deel van die ooreenkoms nakom.

Hoofstuk 2

'n Wet deur God onderrig

Ten spyte van die duidelike **seëninge** wat diegene geval wat God se wet van tiendeheffing *gehoorsaam*, het sommige mense steeds argumente en vrae hieroor. Was die idee van tiendeheffing iets wat Moses uitgedink het? Het Jesus “weggedoen” daarmee? Was dit slegs gemik op die fisiese volk van Israel – ’n soort belastingstelsel vir beide kerk en staat?

Lank voordat die kodifisering van die “wet van Moses” ooit plaasgevind het, het Abraham getrou sy **tiende** aan God betaal! Ons lees in Genesis 14:17-20 op watter wyse Abraham God se Hoëpriester Melgisédék geëer het nadat God sy vyande in sy hand gegee het: “Toe gee hy hom die **tiende** van alles”.

Hierdie is ’n *ontsettende belangrike voorbeeld* wat gewoonlik deur baie oorgesien of gering geag word. Dit is ’n noodsaaklike voorbeeld aangesien Abraham, in ’n sekere lig gesien, ’n voorstelling van God Self was. Hy is die een mens wat deur God self gekies is om die opoffering wat God later Self sou maak, naamlik om Sy eie Seun **uit vrye wil** op te offer, *vooraf* uit te beeld (Gen. 22). God het die apostel Paulus geïnspireer om Abraham te beskryf as die **vader** van die getroues (vgl. Rom. 4:1, 11, 16). Hierdie “vader” van die getroues was ongetwyfeld ’n menslike voorstelling van God en die voorbeeld deur hom gestel, vorm die basis van alle ware godsdiens!

Watter “sleutel”-voorbeeld het Abraham gestel in die opsig dat ons “getrou” moet wees met ons finansiële geldmiddele? Abraham het ’n “**tiende**” aan die einste Persoonlikheid wat later Jesus Christus geword het, betaal. Nie alleenlik het Abraham tiendeheffing toegepas op die vrugte van sy arbeid nie, maar ook op die buit wat God feitlik aan hom gegee het. Tiendeheffing is **nie** net gebaseer op ’n vermeerdering in ’n mens se oes of diere (soos sekere kritici beweer) nie, maar ook op enige finansiële toevoeging in dit wat God ons as Sy geskape kinders gun.

Jakob beloof later om die God van Abraham te dien en verklaar: “... en van alles wat U my gee, sal ek aan U sekerlik die **tiendes** afstaan” (Gen. 28:22).

God se mense betaal tiendes!

Later nog, toe God *tydelik* die Levitiese priesterskap ingestel het, het Hy beveel dat die tiendes aan *hulle* as *Sy menslike verteenwoordigers* betaal word: “Ook al die tiendes van die land, van die graan van die land, van die vrugte van die bome, behoort aan die HERE; dit is heilig aan die HERE ... Wat betref al die tiendes van beeste en kleinvee – alles wat onder die herderstaf deurgaen – die tiende moet aan die HERE heilig wees” (Lev. 27:30, 32).

Let nou op Numeri 18:21: “En kyk, Ek gee aan die kinders van Levi al die tiendes in Israel as erfdeel vir hulle dienswerk wat hulle verrig, die dienswerk van die tent van samekoms”.

Aangesien God se bediening gedurende daardie tyd ’n *fisiese* bediening was – die offer van slag- en spysoffers – en aangesien die Leviete die bediening *as hul werk uitgevoer* het, het God se **tiende** aan hulle as *Sy verteenwoordigers* en *dienaars* gegaan.

Nuwe Testamentiese instruksies rakende tiendeheffing

In die Nuwe Testament is die apostel Paulus deur God geïnspireer om aan te dui dat die wet van tiendeheffing nou *aangepas* of *verander* is sodat die tiendes *weer eens* betaal word aan God se *geestelike* priesterschap, soos dié van Melgisédek aan wie Abraham tiendes betaal het. Hierdie uittreksel vind ons in die sewende hoofstuk van Hebreërs.

Paulus beskryf hoe Abraham tiendes aan Melgisédek betaal het (vers 2). Volgende, beskryf hy hoe **groot** Melgisédek se priesterschap moes gewees het (verse 3-4). Dan wys Paulus daarop dat die Leviete *self*, deur hul voorvader Abraham, tiendes aan Melgisédek betaal het, wat gesien in die lig hiervan, dus vanselfsprekend ’n **groter** priester was (verse 9-10).

In verse 11-12 dui Paulus aan dat die Levitiese priesterschap slegs tydelik was en dat dit *nooit enigeen na volmaaktheid gelei het nie*. Dus, deur Christus is die *geestelike priesterschap* van Melgisédek weer *ingestel* en die wet op tiendeheffing weer eens **verander** sodat God se tiendes, soos tevore, sou terugkeer na die *geestelike* priesters – na *die ware leraars van Jesus Christus*.

Die apostel Paulus het aan Joodse Christene, wat ten minste die letter van God se Wet verstaan het en geen “argument” teen die **feitlikheid** van die wet op tiendeheffing gehad het nie, geskryf. Hoewel sy hoofklem die *grootheid* van Christus se geestelike be-

diening is, is dit nogtans belangrik om te besef dat Paulus deurgaans in die bogenoemde Nuwe-Testamentiese skrifgedeelte *beslis van tiendeheffing as 'n wet* praat! Hy wys voorts daarop dat dit 'n wet is wat bestaan het sedert vergange se dae, van die tyd van Melgisédek af, en dat dit **steeds bestaan**, alhoewel nou in *veranderde* vorm sodat die tiendes weer eens terugkeer na die *geestelike leraars* van God wat Sy werk vandag doen!

Enigeen wat dus *in gebreke bly om tiendeheffing toe te pas*, verbreek 'n belangrike **wet** van die Skeppergod! Dit is een rede vir so baie *persoonlike* en *finansiële vloeke* op ons land vandag!

Jesus Christus Self onderrig tiendeheffing

Jesus Christus het, as God van die Ou Testament, tiendeheffing onderrig. Onthou dat Jesus Christus die God van die Ou Testament **is**. Soos die apostel Paulus aan die gemeentelede in Korinte verduidelik: “Want ek wil nie hê, broeders, dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys geëet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit die geestelike **rots** wat gevolg het, en *die rots was Christus*” (1 Kor. 10:1-4). Later, in dieselfde hoofstuk, met verwysing na dieselfde tydperk, skryf Paulus: “En laat ons **Christus** nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom” (vers 9). Dit was dus **Christus** met wie hulle gehandel het in die Ou-Testamentiese tye! Die meeste teoloë besef dit, omdat daar so baie verwysings daarna is. Dit word egter deur die meeste van hulle “verklein” weens die implikasie dat dit dus **Christus** was wat die Tien Gebooie en ander wette daargestel het wat die “moderne kerkdom” verkies om nie te gehoorsaam nie!

Ja, Christus was die “Woord”, die goddelike “Segsman” vir die Vader, *van die begin af* (Johannes 1:1-10). Die “Woord”, *wat later Christus geword het*, is dus die Een wat Abraham *gelei en geseën* het in sy **tiendeheffing** aan God. “Jesus Christus is gister en vandag **dieselfde** en tot in ewigheid” (Hebreërs 13:8). Daarom **moet ons nie** hierdie *fundamentele voorbeeld van tiendeheffing* wat deur die “vader” van God se getroues daargestel is, ontken of gering ag nie!

Het Jesus Christus hierdie gebruik in die Nuwe Testament afgeskaf? Nee! Hy het dit nagevolg, so ook Sy Apostels! Hoewel sommige van die boeke in die Nuwe Testament selfs eers ná die vernietiging van die tempel in 70 n.C. geskryf is, vind ons egter geen skriftuurlike bevel om op te hou met tiendeheffing nie, en ook geen aanduiding dat die Apostels en die Kerk van die Apostels daarmee opgehou het nie!

Soos ons gesien het, is Jesus Christus die “Woord” van God, die Een wat die Ou Testament geïnspireer het. As die Woord van God het Hy die wette, soos opgeteken in die Ou Testament, gegee en dit toe geestelik in die Nuwe Testament **uitgebrei** en **verduidelik**.

Sommiges sal steeds aandring: “Ons wil hê dat u vir ons enige direkte verklarings deur Christus aandui wat bewys dat Hy die wet op tiendeheffing goedgekeur het”. Nou goed, u sal dit kry! Maar sal u dit dan **glo**? Sal u Hom dan **gehoorsaam**?

In gesprek met die skrifgeleerdes en Fariseërs, wat gereeld ’n vertoon daarvan gemaak het dat hulle met eiegeregtigheid streng by die fynere punte in God se Wet gehou het, sê Jesus: “Wee julle skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee **tiendes** van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. *Hierdie dinge behoort julle te doen* [hierdie swaarste van die wet] sonder om die ander [sorgvuldige **tiendeheffing**] na te laat” (Matt. 23:23).

Is dit duidelik genoeg? Jesus sê dat geestelike eienskappe soos *barmhartigheid* en *trou* voorkeur behoort te geniet bo die sorgvuldige en getroue tiendeheffing op elke klein plantjie wat moontlik in u tuin mag groei – *veral* wanneer sodanige noukeurigheid tot eiegeregtigheid lei. Christus sê egter “**sonder** om die ander na te laat” – om dus **nie** na te laat om u volle tiende te betaal soos God beveel het nie!

In Lukas 11:42 word *dieselfde bevel* op soortgelyke wyse herhaal – deur God se Heilige Gees geïnspireer om ook hier geskryf te word!

Die mens sou daarvan hou om God se wet op tiendeheffing as die *onbelangrikste* te beskou. Waar Christus egter selfs van die fynere punte van God se Wet praat, sê Hy: “Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooe breek en die mense só **leer**, sal die **minste** genoem word in die koninkryk van die hemele; maar

elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele” (Matt. 5:19).

Hoe duidelik! Wanneer ons egter na ’n argument soek, sal ons altyd een kry. As ons egter gewillig is om te “*honger en te dors*” vir geregtigheid en om selfs die fynere punte van God se Wet te gehoorsaam, sal ons ***geseënd*** wees deur dit te doen.

Hoofstuk 3

Word God beroof?

Wanneer ons die Ou Testament bestudeer, sal ons vind dat dit in der waarheid vir mense móóntlik is om “God te beroof”. Tog vind ons ook ’n fantastiese belofte wat God aan diegene wat Hom gehoorsaam, maak.

Rondom 586 v.C., is die Jode na Babilonië weggevoer in ballingskap weens hul totale versuim om God te gehoorsaam. Onder hul grootste sondes was die ontheiliging van die Sabbat, afgodediens en hul versuim om onderskeid te tref tussen rein en onrein (Eseg. 22:26), wat die versuim om tiendes te betaal, insluit. Die Jode het baie jare van swaarkry in die land van hul vyand deurgemaak vir hul ongehoorsaamheid, tot Babilonië uiteindelik rondom 539 v.C. deur die Persiese Ryk onder Kores die Grote omvergewerp is, en God dit in die hart van die oorwinnende koning geplaas het om ’n uitvaardiging uit te reik wat die Jode sou toelaat om na die Beloofde Land terug te keer.

Kores het Serubbábel, die hervestigde volk se goewerneur, sowat twee jaar later toegelaat om ’n groep Jode uit Babilonië na die Beloofde Land terug te lei. Hierdie verhuising het meer as 42,000 mans, asook talle meer vrouens en kinders (verwys Esra 2) ingesluit, wat toe begin het om ’n nuwe tempel vir God te bou. Maar selfs nog vóór hulle die fondament gelê het, is hul werksaamhede gestaak weens teenkating van naburige leërs.

Die profeet Haggai het, sowat 15 jaar later, die finansiële verknorsing waarin die Joodse volk hul bevind het, verduidelik. Hul probleme, het hy verduidelik, was ’n direkte gevolg van hul versuim om, deur tiendes en offergawes, ondersteuning te bied in die herbouing van God se tempel – Sy Werk vir daardie tyd. Werk aan die tempel is rondom 520 v.C., op aandrang van Haggai en die profeet Sagaria, hervat en in 516 v.C. voltooi – presies 70 jaar nadat die Jode in ballingskap weggevoer is.

Ná die Jode se terugkeer uit Babiloniese ballingskap, was een van hul grootste sondes dat hulle nagelaat het om tiendes aan God te betaal. Nehemia het egter, ten tye van sy goewerneurskap in die 440’s v.C., die mense begin vermaan om hul Skepper met ywer te gehoorsaam. Die gevolg was dat hulle “... by hulle broers, die

vername manne onder hulle, aangesluit [het], en hulle het onder eed en met beswering hulleself verplig om te wandel in die wet van God, ... en om te hou en te doen al die gebooie wat die HERE onse Here, en sy verordeninge en sy insettinge” (Neh. 10:29).

Onthou dat God se “insettinge”, **tiendeheffing** *insluit*. God se Woord leer ons voorts dat sy mense in die wêreld van môre in Sy “insettinge” sal wandel (Eseg. 36:27). God se wet op **tiendeheffing** is dus deur Abraham nagekom, deur Jesus Christus geldig verklaar en sal deur God se mense nagekom word selfs tydens die toekomstige duisendjarige heerskappy van Christus!

Nehemia en die Jode het ooreengekom om: “... die **tiendes** van ons grond vir die Leviete [te bring], terwyl hulle, die Leviete, die tiendes sou invorder in al ons landboustede ... want ons wou die huis van onse God nie laat verwaarloos nie” (Neh. 10:37, 39). Dit het voorgekom asof hulle ten volle vasberade was om nie die behoeftes van God se Werk en dié wat daarin gedien het, oor die hoof te sien nie. Die volk het ingestem dat hulle sou seker maak dat die priesters en Leviete die tiende ontvang wat aan hulle verskuldig was vir die diens gelewer aan mede-Israeliete.

Dit is egter betreurenswaardig dat meeste van die Jode, kort na Nehemia se hervormings, weer eens baie nalatig geword het in die onderhouding van God se wette en insettinge. Die verbreking van God se wet op tiendeheffing was in die besonder problematies, soos duidelik in die boek van Maleagi wat in die laat 400’s v.C. geskryf is, onthul word.

Die Almagtige God vra hier by monde van die profeet: “Mag ’n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die tiendes en die offergawe. Met die vloek is julle belaa, en tog beroof julle My, julle, die hele nasie!” (Mal. 3:8-9). Dit is vir dieselfde rede dat ons mense van vandag, net soos die Jode van ouds, onder ’n goddelike vloek is!

Baie mense versuim om te besef dat al die mens se ellendes – sy kopsere en sy hartseer, sy probleme van misdaad en geweld, dwelmmisbruik en siektes – die direkte gevolg van die verbreking van die Almagtige God se wette is. Een van die wette wat die gereeldste verbreek word, is God se bevel om getrou tiendeheffing toe te pas. Wanneer mense ongehoorsaam is aan hul Skepper deur Sy wet te verontagsaam, bring hulle ’n goddelike vloek op hulself!

Kyk na dit wat vandag in Suid-Afrika en onder ander volke van Britse afkoms gebeur. Daar is talle redes vir ons stygende

God se mense betaal tiendes!

nasionale en persoonlike skuld, waarvan die grootste die totale finansiële wanbestuur en versuim is om “aan God [te betaal] wat God toekom” (Mark. 12:17)!

Soos ons vroeër gesien het, het Amerika byvoorbeeld die afgelope paar jaar van die grootste uitleen-nasie verander in die nasie met die grootste skuld. Ook dáár word aansoeke om bankrotskap by die miljoene ingedien. Onthou: volgens God se Woord is nasies wat nie hul tiendes betaal nie, onder ’n vloek. Is dit dus moontlik dat die reeds genoemde ekonomiese probleme die direkte gevolg is van hierdie vloek wat ons oor onself gebring het weens die versuim om die Almagtige God te gehoorsaam?

Maleagi 3 sê nie dat die priesters beroof word deur die versuim om tiendes te betaal nie. Dit word eerder duidelik gestel dat sulke optrede in der waarheid daarop neerkom dat **God beroof word!** Dít is ’n *baie ernstige saak* in God se oë!

’n Belofte van seëninge

Die Skeppergod praat met almal wat Sy wet op tiendeheffing leer ken: “Bring die hele tiende na die skathuis, sodat daar spys in my huis kan wees; en **beproof** My tog hierin, sê die HERE van die leërske, of Ek vir julle nie die vensters van die hemel sal oopmaak en op julle ’n oorvloedige seën sal uitstort nie” (vers 10)!

Dit is nogal ’n groot uitdaging wat die Almagtige God aan almal rig wat van Sy wet van tiendeheffing te wete kom. Hy sê “beproof” Hom, d.w.s., toets Hom, probeer dit en u sal sien! Hierdie verse is niks minder nie as ’n plegtige belofte deur ons Skepper om diegene te **seën** wat getrou tiendeheffing toepas; dié wat God hul finansiële Vennoot maak! Dit sê egter nie dat God tiendebetalers ryk sal maak nie!

God het Abraham wél met aardse rykdom geseën (Gen. 13:2). Ons weet dat Abraham tiendes betaal het. God het Jakob ook geseën kort nadat hy plegtig onderneem het om aan Hom ’n tiende te betaal (Gen. 30:43). God wil beslis hê dat dit met Sy mense “goed mag gaan en dat [hulle] gesond” sal wees (3 Joh. 2). Hy besef egter dat dit nie vir almal goed is om ryk te wees nie! (1 Tim. 6:9-10, 17-19). Party mense kan rykdom eenvoudig nie hanteer nie. Nou, in die *Nuwe-Testamentiese* tydvak wat God mense roep tot *geestelike bekering*, sal Sy seëninge oorwegend geestelik van

aard wees – meer van Sy geestelike *krag, wysheid en liefde*, asook die **ewige lewe** in Sy Koninkryk (sien 2 Pet. 1:5-11).

Indien ons egter getrou ons tiendes betaal, beloof God: “Ek sal ook die sprinkaan vir julle afweer, sodat hy die opbrings van julle grond nie sal verwoes nie; ook die wynstok op die land sal vir julle nie onvrugbaar wees nie ... en al die nasies sal julle gelukkig prys, omdat julle die land van welbehag sal wees ...” (Mal. 3:11-12).

God versterk hierdie belofte in Spreuke: “Vereer die Here uit jou goed en uit die eersteling van al jou inkomste; dan sal jou skure vol word van oorvloed en jou parskuipe oorloop van mos” (Spr. 3:9-10).

Die Almagtige God beskik oor alle mag. Hy kan en sal enige persoon en alle nasies wat Hom gehoorsaam, seën en daardeur Sy plegtige belofte nakom dat Hy diegene wat getrou aan Hom die tiende gee wat Hom toekom, sal seën. Onthou, “God ... kan [nie] lieg nie” (Tit. 1:2) en dat “die Skrif nie gebreek kan word nie” (Joh. 10:35)!

Wanneer ’n nasie getrou hul tiendes aan die Almagtige God betaal, beloof Hy om daardie hele nasie te seën. Selfs al sal die *nasie* in geheel nie tiendeheffing toepas nie, sal God uit beginsel deur Sy Woord verplig wees om *elke individu* wat getrou tiendes betaal, te seën!

Vir die meeste mense klink dit onlogies dat, deur van ’n gedeelte van “ons” geld afstand te doen, ons finansieel baie beter daaraan toe sal wees as wanneer ons daaraan sou vashou. Tog is dit wat God sê! Bowendien vertel Hy ons: “Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek” (Spr. 11:24). Hierdie is ’n **lewende wet**. Glo u Bybel! Die weg van God is eg. Dit werk! Wat meer is, dit is vir u gemaak!

Hoofstuk 4

Doen U deel ten volle

Ja, Jesus Christus het *tiendeheffing onderrig*! Soos ons reeds gesien het, beveel Hy Sy Apostels om die nasies te “leer ... om **alles** te onderhou wat Ek julle beveel het”. Hy beloof dan: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (Matt. 28:19-20).

Indien ons dus God se *seëninge* en ’n lewe van oorvloed wat Jesus Christus beloof het wil hê, moet ons *God se tiende getrou betaal* en ook al die ander dinge wat Hy ons geleer het, doen.

Onder hierdie ander leringe, wat verband hou met ons werk en sukses, sê Jesus: “Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik” (Matt. 5:16). Ware Christene moet dus ’n **voorbeeld** vir andere wees in alles wat hulle doen.

Die Lewende Christus het die apostel Paulus geïnspireer om te skryf: “Diensknegte [of werkers], julle moet jul here [base of toesighouers] na die vlees in alles gehoorsaam wees, nie met oëdiens soos mensebehaers nie, maar in eenvoud van hart, omdat julle God vrees. En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos *vir die Here* en nie vir mense nie” (Kol. 3:22-23).

Christus se Woord gee aan u hier die opdrag om u *hele hart* ten **alle** tyd in u werk te sit, of die baas in die omtrek is aldan nie! Dit word vir u gesê om dit *in opregtheid* en *in alle erns* te doen, asof dit vir *God self* gedoen word. Want, in der waarheid, *doen u dit wel vir God!* Die ware Christenlewe is een van “roeping” of beroep in die volste sin van die woord.

Wees YWERIG in u werk

God meld in Sy Woord: “Hy word arm wat met ’n trae hand werk, maar die hand van die vlytiges maak ryk” (Spr. 10:4). Is u werklik **ywerig** in u werk?

God sê weer: “Goed wat uit niks verkry is, word minder; maar hy wat met die hand bymekaarmaak, kry altyd meer” (Spr. 13:11). Talle mense maak deesdae hul bestaan uit waarna as ’n “grens”-beroep verwys kan word – soos om te dobbel, aan mense goed te

verkoop wat hulle nie regtig nodig het nie of deur 'n onnodige wins as middelman te maak. God sê egter dat die fondament van blywende rykdom en Sy seën gegee sal word aan die een wat werk – die een wat werklik produktief is en iets *bereik* wat die moeite werd is!

Let nou op Spreuke 13:18: “Armoede en skande is vir hom wat die tug verwerp; maar hy wat die teregwyding in ag neem, word geëer”. Met hierdie spreekwoord gee God aan u die raad om *ag te slaan op die opdragte* van dié wat oor u aangestel is by u werk asook in enige ander lewensituasie. Leer om die werk te doen soos *u baas dit gedoen wil hê!* Leer om *aandagtig te luister*, om te **dink**, om aan te hou **groei** in kennis en vaardighede by die werk!

'n *Uiters belangrike* beginsel vir die daaglikse lewe kom na vore in Spreuke 15:22: “Planne misluk sonder beraadslaging, maar deur die veelheid van raadgewers kom dit tot stand”. Wanneer 'n groot vraag rakende u besigheid of plaas, of die verkoop van u huis of verandering van werk opduik, leer om raad te soek by *verskeie bronne!* Leer om die advies *sorgvuldig* en *objektief* op te weeg en vra God vir Sy *leiding* en *wysheid*.

God beveel ten slotte: “Moenie die slaap liefhê, sodat jy arm word nie; maak jou oë oop, dat jy jou met brood kan versadig” (Spr. 20:13). Leer om *vroeg op te staan*, om ywerig te werk en **produktief** te wees in u werk of besigheid!

Gehoorsaam dan God se *finansiële* wet op tiendeheffing, erken dat *alle* krag en vermoëns waarmee u in u tipe werk produktief is, *alle* hulpbronne waarvan u gebruik maak, *alle* voedsel wat u eet en suurstof wat u inasem om kragte te herwin – *al hierdie dinge van God af kom*. Hy vra slegs dat u Hom **een tiende** van u opbrengs in ruil daarvoor sal gee!

Wees FLUKS in diens aan die Lewende God!

Wanneer u eers u keuse om tiendeheffing toe te pas, gemaak het, moet u daarvan seker maak om u tiende aan God se verteenwoordigers wat Sy Werk doen en Sy boodskap preek, te gee! Net soos God u beveel om ywerig te wees in diens aan u menslike base, hoeveel te meer moet u **ywerig** wees in gehoorsaamheid aan u Skepper in hierdie finansiële wet?

Moenie begin dink dat u dit nie kan bekostig om tiendes te betaal nie. *U kan nie bekostig om dit nie te doen nie!*

God werk gereeld deur *menslike* instrumente. Hy sal *deur u* werk indien u uself aan Hom oplewer en Sy Koninkryk **eerste** in u lewe stel. Soos ons gesien het, was die wet op tiendeheffing deel van *Christus se Evangelie*. Dit moet sodanig aan die wêreld, en aan u, as 'n getuienis verkondig word.

Vra God vir wysheid, geloof en doelgerigtheid om Hom en Sy finansiële wet te gehoorsaam. Dit sal u noop om God *eerste* te plaas. Dit sal u dwing om te *begroot*, om te *beplan*, om u sake moontlik meer as van tevore te *organiseer*. Dit sal u daartoe lei om **geloof te hê** in u Skepper om Sy wette en beloftes gestand te doen.

God *kan* egter *nie* lieg nie. U sal dus vind dat dit “meer as moontlik” vir u is om tiendes te betaal! Wat meer is, wanneer u in *liefde* en *geloof* handel, sal die fisiese sowel as geestelike seëninge wat na u kant toe kom, so **eg** soos God self wees.

God se dienaar, Herbert W. Armstrong, het oor 'n ware lewensvoorbeeld geskryf van hoe God beslis ingryp en diegene wat tiendes betaal, **seën**:

“Dit was laat in 1933, in die hartjie van die depressie. Ed Smith was 'n boorman van beroep, maar dit wou blyk dat niemand dit kon bekostig om 'n boorgat te laat sink nie.

Ed en sy vrou Emma het dienste bygewoon wat ek op daardie stadium in 'n plattelandse enkelvertrek-skoolgebou gelei het, sowat negentien kilometer wes van Eugene, Oregon. Ed het geen belydenis as Christen gedoen tot eers later nie. Hy het nogtans dienste bygewoon en heen en weer oor die platteland gewandel en Bybelleerstellings met sy belydende Christenbure bespreek.

‘Jy moet tiendes aan God betaal en Hom gehoorsaam’ het hy aangedring. ‘Die Bybel sê so. Dit is **duidelik!**’

Een van sy bure het geïrriteerd geraak met hom. ‘Kyk hier, Ed’, het die buurman ontplof. ‘Waarom kom jy hier na my toe en praat oor al hierdie dinge as jyself nie die Bybel gehoorsaam en tiendes betaal nie?’

‘Omdat’, antwoord Ed vinnig, ‘ek nie verkondig dat ek 'n Christen is nie, maar jý wel. En wat meer is’, gaan hy voort, ‘ek kan dit in elk geval nie bekostig om 'n tiende te betaal nie’.

Daar is duisende mense wat, net soos Ed, met hul verstand redeneer dat hulle dit nie kan bekostig om

tiendeheffing toe te pas nie, selfs al besef hulle ook soos Ed dat die Bybel dit beveel.

Ek het van bogenoemde gesprek te hore gekom en 'n preek gelewer oor die vraag of onbekeerdes die Tien Gebooie behoort te onderhou en tiendeheffing toe te pas, of, soos Ed geredeneer het, hierdie dinge slegs vir Christene was. Ek het daarop gewys dat God se wette in aksie gestel is vir die **mens se beswil** – dit is die **lewensweg** wat vrede, geluk, voorspoed, 'n vol lewe van oorvloed en interessanthede, sukses en geluk bied, **nou en hier**, sowel as tydens die ewige lewe wat deur Christus gebied word aan dié wat gered is.

Ek het daarop gewys dat dit **lonend** is en dat dit die enigste verstandige lewensweg is, totaal afsonderlik beskou van die kwessie van redding, en dat, selfs al gaan 'n persoon uiteindelik verlore, hy wat min gesondig het, gestraf sal word met min houe. Ek het God se belofte dat Hy die tiendebetaler sal **seën**, uitgewys; dat dit 'n besliste **wet** is wat God ingestel het wat onvermydelik en outomaties op die regverdige sowel as die onregverdige inwerk.

Ed het begin om die Bybel te gehoorsaam. Met die daaropvolgende diens – ons het op daardie stadium drie keer per week dienste by die klein skoolhuisie gehou, en drie ander aande per week in 'n saal in die onderste deel van Eugene – het mev. Smith glimlaggend aan my 'n eendollarnoot oorhandig.

‘Dit is Ed se eerste tiende’, sê sy triomfantlik. ‘Ons het nou net \$10 oor en Ed het besluit om 'n tiende te betaal op dit wat ons beskikbaar het’.

Met die volgende diens kom sy weer na my toe met nog 'n gelukkige glimlag.

‘Hier is 'n vyfdollarnoot’, sê sy. ‘Net die dag nadat Ed 'n tiende van wat hy gehad het aan God se Werk gegee het, het 'n kliënt wat hom reeds 'n jaar lank \$50 skuld, dit kom vereffen. So, hierdie is die tiende van daardie \$50. Nadat ons in totaal \$6 in tiendes betaal het, het ons nou \$54 oor teenoor die \$10 wat ons die ander dag gehad het’.

Dit het begin **vrugte afwerp**! Maar dit was net die **begin**! Soos ek kan onthou, het Ed met die daaropvolgende diens sy eerste bestelling in 'n jaar of twee gekry om 'n

boorgat te sink waarvoor hy in kontant betaal is. Voordat die werk afgehandel is, het hy 'n volgende kontrak beding. Nie lank nie, of daar kom drie tot vier werksgeleenthede gelyktydig na sy kant toe. Dit het aanleiding daartoe gegee dat hy werkers in diens moes neem om vir hom te werk.

Ed Smith is egter een van **talle** wat ek geken het wat **uit ondervinding** geleer het dat 'n mens **nie** kan bekostig om nié die tiende wat aan God **behoort**, aan Hom te betaal nie! Ek onthou dat Ed Smith wel later probleme van 'n ander aard ondervind het; dat sy vrou en seun na die staat se teringhospitaal gestuur is en dat hy uiteindelik tot ware bekering gekom en Jesus Christus as sy Verlosser aanvaar het. Hy het na my gekom, volgens die bevel in Jakobus 5:14. Beide sy vrou en seun het heeltemal gesond geword en teruggekeer huis toe.

Hierdie is 'n ware verhaal en die name is nie fiktief nie. Ed Smith is jare gelede dood, maar ek onthou met blydschap hierdie gebeure in sy lewe en hoop dat dit talle ander mense op die regte en lonende, sowel as op die Christelike lewenswag, sal plaas”.

Ons moet almal uit die boonste vertelling leer. Soos ons gesien het, sal u ook die direkte Nuwe Testamentiese leringe van Jesus Christus volg waar Hy sê dat ons “hierdie dinge behoort te doen **sonder om** die ander [tiendeheffing] na te laat” (Matt. 23:23)! Ons Hemelse Vader wil hê dat almal van ons vrygewig en opreg met ons tiendeheffing *en met ons offerandes* sal wees. Hy inspireer die apostel Paulus om te skryf: “Maar *dink* daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai. *Laat* elkeen *gee* soos hy hom in sy hart voorneem, nie met droefheid of met dwang nie, *want God het 'n blymoedige gewer lief*. En God het mag om alle genade oorvloedig op julle te laat wees, sodat julle altyd in alle opsigte volop kan hê en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk” (2 Kor. 9:6-8).

Onthou dat die Grote God wat ons dien, “by magte” is om u die “kanse” te gee; om u te seën sodat u “oorvloed” tot elke goeie werk kan hê (vers 8). Ja, tiendeheffing behels **geloof** dat God daar is; dat Hy Sy geïnspireerde Woord *gestand sal doen* en dat Hy sal **doen** wat Hy gesê het Hy sal.

Namate die wolke donkerder saampak op die wêreldhorison en volke al meer fisiese en finansiële probleme van elke denkbare aard ondervind, is dit van groot belang dat u die Skeppergod aan u kant het. Hy beloof altyd om **u op te pas** indien u Hom dien en gehoorsaam. Hy sal seker maak daarvan dat u altyd genoeg sal hê om van te leef. Wanneer ander hongersnood ervaar of geweldige swaarkry ondervind, beloof die God van die Bybel aan Sy getroue dienaars: “Ek sal jou **nooit** begewe en jou nooit verlaat nie” (Heb. 13:5).

Kom sluit dus vir *u eie beswil* aan by die duisende wat daarop **vertrou** dat God Sy beloftes gestand sal doen! Betaal aan die Skepper van hemel en aarde die “tiendes” wat u Hom skuld, tesame met ruimskootse offerandes, en ervaar hoe Hy toenemend “eg” word in u lewe namate u Hom werklik dien en gehoorsaam.

Hoofstuk 5

Help andere soos God u help

Wanneer ons die tiendes en offergawes betaal wat God beveel, bring ons nie slegs seëninge vir onself mee nie; ons stel God ook in staat om ons te gebruik om ander mense te seën. God gebruik ons tiendes om aan ander mense te voorsien en om aan hulle Sy broodnodige Waarheid te gee. Deur dus ywerig tien persent van ons opbrengs aan God terug te gee, word ons verplig om aan andere te dink, eerder as om alles selfsugtig vir onself terug te hou (Fil. 2:4-5). Christus sê: “Dit is **saliger** om te gee as om te ontvang” (Hand. 20:35).

Wanneer ons dryfveer die begeerte is om ander te dien, ontwikkel ons ’n vrygewige, mededeelsame, besorgde en gulhartige gees. “Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf” (Spr. 11:25). Dit beteken dat ons nie “met droefheid of uit dwang [moet gee] nie, want God het ’n **blymoedige** gewer lief” (2 Kor. 9:7)! Tiendeheffing is natuurlik “gedwonge”, maar ons dryfveer moet bo dit uitstyg – dit moet wees om blymoedig en uit vrye wil vir God te wil behaag en andere te help.

Christus het die volmaakte voorbeeld gestel deur gewillig te wees om alles, insluitende Sy lewe, vir ons te gee: “Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was [Hy en die Vader besit alles!], ter wille van julle arm geword het [deur ’n mens te word], sodat julle deur Sy armoede ryk kan word” (2 Kor. 8:9). Die Almagtige God is die Groot Gewer van elke goeie en volmaakte gawe (Jak. 1:17). Wat belofte die Ewige God aan elke persoon wat sy selfsugtige menslike natuur oorwin? “Hy wat oorwin, sal alles beërwe [die ganse heelal met al sy rykdom]” (Op. 21:7). Ons moet die hoofsaaklik selfsugtige gedagtegang wat so natuurlik voorkom, te bowe kom en leer om werklik om te gee vir die geluk en welstand van ander mense (Mark. 12:31). Ja, ons kan ’n seën vir ander mense wees!

Een belangrike wyse waarop God andere seën, is deur u voorbeeld. Ander mense mag moontlik weet dat u ’n tiendebetalder

is en hulle kan sien dat u leer om liefde en ontsag te hê vir u Skepper en dat u Hom wil gehoorsaam en dien. Hulle sal ook sien dat u geseën word, moontlik selfs met aardse dinge, maar beslis geestelik; dat u nader aan God beweeg deur geloof en gehoorsaamheid. Dit is dikwels deur u positiewe voorbeeld dat andere geïnspireer word om op dieselfde pad te loop sodat hulle dieselfde seëninge kan ervaar.

Nog 'n noodsaaklike les wat tiendeheffing 'n mens leer, is ware **nederigheid** en opregte **gehoorsaamheid** aan ons Skepper. Deur tiendeheffing erken ons dat God ons Regeerder en daarom die ware Eienaar van alles is (Deut. 10:14). Per slot van rekening besit ons sterflinge nie eintlik enigiets nie! Ons is slegs opsigters of bewaarders van 'n bietjie van God se eiendom.

Deur getroue tiendeheffing leer ons nog 'n belangrike les, naamlik **geloof**. Dit verg ware geloof om te glo dat God bestaan en dat Hy “'n **beloner** is van die wat Hom soek” (Heb. 11:6). Dit verg geloof om God te gehoorsaam, veral wanneer dit voorkom asof ons “nie kan bekostig om tiende te betaal nie”. Soos ons reeds gesien het, beloof God om 'n “oortloedige seën” op ons uit te stort (Mal. 3:10), wanneer ons Hom op die regte wyse “beproeft”!

Deur geloof in God uit te oefen, word ons toenemend sterker – in staat gestel om ons sondes daaglik te bemeester – en om sodoende ons kanse te vergroot om pilare in Sy ewigdurende Koninkryk te word (vgl. Op. 3:12). Dit beteken natuurlik nie dat ons ons saligmaking kan verdien of deur onself enigiets kan doen wat werklik “goed” is nie (vgl. Matt. 19:17; Rom. 3:10-12). Wanneer ons goeie werke egter gedoen word deur die inwonende krag van die Heilige Gees – die wyse waarop God in ons woon – dan volg ons waarlik in Jesus se voetspore! Christus sê dat selfs Hy uit Homself niks kán doen nie (Joh. 5:19, 30; 8:28).

Verder sal 'n geloofvolle lewe nog meer geloof in ons tot gevolg hê! Ons sal God meer vertrou. Ons sal ophou om ons te bekommer en te verknies oor ons persoonlike finansies omdat ons die woorde van Jesus Christus absoluut sal glo: “Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, ... of wat sal ons aantrek nie? ... want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het [basiese lewensbehoefte]. *Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid*, en **al** hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word. Kwel julle dus nie oor môre nie ...” (Matt. 6:31-34).

God se mense betaal tiendes!

Watter wonderlike gemoedsrus sal ons nie beleef as ons ten volle op God vertrou nie (Fil. 4:6-7).

As ons gereeld die tiende van ons inkomste vir gebruik in God se Werk opsy gesit het, sal ons gou besef dat ons kan leef op die oorblywende deel. Dit vereis natuurlik om sorgvuldig te begroot en finansiële dissipline aan die dag te lê! God sal ons ook op ander maniere help. Baie Christene is al verstom deur die rare geleenthede, onverwagse afslag of ander “seëninge” wat hul paadjie kruis nadat hulle getrou begin het om hul tiende te betaal.

Jesus Christus, ons Heer en Redder, sê: “Moenie vir julle skatte bymekaarmaak op die aarde, waar mot en roes verniel en waar diewe inbreek en steel nie; maar maak vir julle skatte bymekaar in die hemel, waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie; want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees” (Matt. 6:19-21).

Jesus leer ons om mildelik van ons “skat” te gee. Onthou dat dit ook Hy was wat gesê het: “Dit is saliger om te gee as om te ontvang”. Hy het die arm weduwee wat ruimhartig gegee het by God se skatkis in die tempel in Jerusalem, hoog aangeprys. “En toe Hy opkyk, sien Hy die rykes wat hul gawes in die skatkis gooi. En Hy het ook ’n arm weduwee daar twee geldstukkies [van min waarde] sien ingooi. En Hy sê: Waarlik, Ek sê vir julle dat hierdie arm weduwee meer as almal ingegooi het. Want hulle almal het uit hul oorvloed by die gawes van God ingegooi, maar sy het uit haar gebrek ingegooi alles wat sy gehad het om van te lewe” (Luk. 21:1-4).

By ’n ander geleentheid sê Jesus: “Gee, en aan julle sal gegee word. ’n Goeie maat wat ingedruk en geskud en oorlopend is, sal hulle in jul skoot gee, want met dieselfde maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word” (Luk. 6:38)! Christus beveel ons duidelik dat ons moet gee. Daardie bevel kom ook met ’n belofte dat, indien ons wél gee, ons veel meer terug sal ontvang. God beloof om diegene te seën wat met die regte gesindheid van liefde en spontane besorgdheid getrou hul tiendes en vrywillige offergawes aan Hom en Sy Werk gee.

Ons motief vir vrygewigheid moet nooit selfverheffing wees nie. Ons moet nie “gee” met die uitsluitlike doel om ’n goeie rente op ons “belegging” te ontvang nie, soos die valse “evangelie van rykdom en voorspoed” lui wat deur sommige predikante verkondig

word nie. As ons egter met 'n rein en vrygewige hart gee, dan sê God dat Hy ons sekerlik sal seën.

Die apostel Paulus het vir Timotheus gesê: “Beveel die rykes in die teenwoordige wêreld om nie hoogmoedig te wees nie en ook nie hulle hoop te stel op die onsekerheid van rykdom nie, maar op die lewende God wat ons alles ryklik verleen om te geniet; dat hulle goed moet doen en ryk wees in goeie werke, vrygewig, mededeelsaam, en vir hulle 'n skat weglê, 'n goeie fondament vir die toekoms, sodat hulle die ewige lewe kan verwerf” (1 Tim. 6:17-19).

Indien ons die ware Werk van God in hierdie tyd getrou ondersteun met tiendes en offergawes, en as ons gewillig finansiële en ander ondersteuning (dit is aalmoese) bied aan die behoeftiges wat ons teëkom, sal die Almagtige God daardie goeie werke as ewige skatte reken wat opgehoop word in die “Bank van die Hemel”. Deur ons getroue gehoorsaamheid aan God, sal Sy Werk gedoen word, en Sy Evangelie sal deur die hele wêreld verkondig word!

As ons getrou “aan God wat God toekom” (Matt. 22:21) betaal, beloof Hy om ons in hierdie lewe te seën! Tiendes wat met 'n goeie gesindheid betaal word, sal u lewe nou op baie wyses positief kan beïnvloed, maar soveel te meer ***tot in alle ewigheid*** in die wêreld van môre! Dan sal diegene wat almal getrou tiendes van hul “rykdom” betaal het, dít waarna Paulus verwys het as die “onnaspeurlike rykdom van Christus” (Ef. 3:8), ten volle verstaan. Verseker sal niemand graag oorgeslaan wil word nie!

Hoofstuk 6

Waarheen moet u God se tiendes stuur?

Dit is noodsaaklik dat u God se tiendes aan Sy ware verteenwoordigers sal stuur! Namate die einde van hierdie tyd aanbreek, sal hulle Christus se opdrag met toenemende **krag** uitvoer. Hulle sal die Goeie Nuus van die komende *Koninkryk* of *Regering van God* verduidelik.

Sonder vrees of aansien sal hulle die **wette** van daardie Koninkryk verduidelik. Hulle sal die *honderde* profesieë wat na hierdie eindtyd verwys, duidelik verstaanbaar maak. Deur God se Gees sal slegs hulle *definitief* en *spesifiek* wees oor die geweldige gebeure wat binnekort op hierdie aarde sal plaasvind!

Jesus het profeties gepraat van hierdie wêreldwye Werk wat Sy leraars in hierdie eindtyd sal uitvoer: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ’n *getuienis* vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Matt. 24:14).

Dit is nodig dat u dit naspur en aan uself **bewys** dat die *Wêreld van Môre*-radioprogram en die *Wêreld van Môre*-tydskrif, Christus se opdrag uitvoer! Indien dit nog nie vir u duidelik is nie, wees dan net sonder vooroordeel en laat die vrugte aan u **bewys** waar die Almagtige God nou eintlik werk!

God se ware leraars is vandag êrens op aarde. Trouens, hulle sal deel wees van die ware Kerk (gemeente) van God, *wat 12 keer* in die Nuwe Testament die “gemeente of Kerk van God” *genoem word* (sien Hand. 20:28; 1 Kor. 1:2; 15:9; 1 Tim. 3:15, ens). Hierdie getroue leraars sal God se opdrag aan sy ware dienaars gehoorsaam: “**Roep uit die keel**, hou nie terug nie, verhef jou stem soos ’n basuin! En verkondig aan my volk hulle oortreding en aan die huis van Jakob hulle **sondes**” (Jes. 58:1).

Hulle sal veral die Amerikaanse en Britse afstammelinge – die direkte afstammelinge van die “Verlore Tien Stamme van Israel (wat Suid-Afrikaners insluit) – **waarsku** dat die komende **Groot Verdrukking** hoofsaaklik tot hulle gerig sal word, *tensy hulle hul bekeer* (Eseg. 33:1-7). In wat essensieel ’n opdrag sowel as ’n *tweeledige profesie* is – *gedeeltelik* maar nie *ten volle* vervul tot die

eindtyd nie – het Jesus Sy dienaars meegedeel: “En julle sal deur almal gehaat word ter wille van My Naam. Maar wie volhard tot die **einde** toe, hy sal gered word. En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, *julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaarkry* voordat die Seun van die mens **kom** nie” (Matt. 10:22-23).

Daarom, hoewel hulle klein in getalle sal wees (die “klein kuddetjie” van Lukas 12:32), sal God se Kerk in die eindtyd ’n *kragtige* boodskap verkondig wat erge vervolging sal meebring. God se mense sal min in getalle wees, maar hulle sal *toenemend herken* word as gevolg van die kragtige boodskap wat hulle verkondig. Hulle sal definitief **nie** in die midde van die “hoofstroom” kerke wees wat versigtig in die samelewing wegsmelt nie. Hulle sal deur “die stede van Israel” (Matt. 10: 23) gaan met God se waarskuwingsboodskap en die nabye koms van Sy Koninkryk verkondig deur middel van die radio, televisie, die Internet en publikasies aan die mense van Suid-Afrika, Amerika, Kanada, Brittanje, Australië en Nieu-Seeland en *regdeur die ganse wêreld!*

Waar word daardie kragtige boodskap vandag met toenemende krag verkondig? **Wie** het beide die *begrip* en die *moed* om ons moderne samelewing en sy georganiseerde “kerksheid “ uit te daag met die *volle* en *onafgewaterde* boodskap van die Bybel?

Soek en kyk waar die Bybelse Waarheid **duidelik** en **eenvoudig** gemaak word. *Bepaal* positief vir uself (Hand. 17:11) waar die *ware* Goeie Nuus oor die Wêreld van Môre (die Koninkryk van God) verkondig word! (Matt. 24:14). Vind uit wie dit is wat die *wêreld waarsku* teen die spesifieke, belangrike profetiese gebeure wat nou begin om *u* lewe te raak! Die belangrikste vir uself is egter om daardie Werk te vind wat aan *u* sal wys hoe om die vernietiging tydens daardie selfde geprofeteerde gebeure, vry te spring. Wees op die uitkyk vir die Werk wat God *vandag* gebruik om die *antwoorde* op *u* toekoms te bring!

Hierdie is tog *u* lewe, *u enigste* lewe! Indien *u* die moeite sal doen om dit met ’n *oop gemoed* aan uself te bewys, **kan** *u* weet waar God werk!

Baie van *u* het, nes ek, in ’n “hoofstroom” kerk grootgeword. Daar is, uit die aard van die saak, “goeie” mense in daardie kerke. Hul hoogs opgeleide leraars is gewoonlik goeie sprekers met ryk,

soetvloeiende stemme. Daar is mooi musiek en die glansrykheid is indrukwekkend.

Word die ware *begrip* van God se uiteindelijke **doel** vir ons lewens egter duidelik gemaak in hierdie kerke? Word die spesifieke wette van God en die *lewenswyse* wat Jesus Christus en die Apostels verkondig het, onderrig en toegepas? Word daardie noodsaaklike kwart van God se Woord – **Bybelprofesie** – duidelik gemaak en verkondig as ’n “getuienis”?

God se *ware* leraars laat Sy Werk voortgaan. Hulle verteenwoordig Hom en dit is aan *hulle*, as Sy verteenwoordigers, wat u tiendes moet betaal en met blymoedigheid offerandes moet gee. God gee dan aan hulle leiding om Sy geld vir Sy Werk aan te wend. *Kom help die mensdom!* Hierdie kwynende wêreld het dit dringend **nodig** om met God se volle *Waarheid* bereik te word! Dit benodig die *begrip* oor die doel van ’n mens se bestaan, van die groot lewende **wette** van die lewe, die **besliste** geprofeteerde gebeure wat binnekort in ons leeftyd sal plaasvind asook die **betekenis** van al hierdie dinge! *Dit* is presies waaroor *hierdie* Werk van God gaan!

Hoofstuk 7

Die oorfloedige lewe wat God u toewens

Belydende Christene en andere wat hoop op 'n lewe na die dood, mag hulself troos met die belofte vir ewigdurende geluk en vreugde in die hiernamaals. In hierdie lewe laat die vrees vir finansiële ondergang of bloot die daaglikse frustrasies om die wolf van die deur te hou, vele mense egter gefrustreerd, onvervuld en sonder hoop! Tog sê Jesus Christus self: “Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê” (Joh. 10:10). Die apostel skryf aan die Christene van sy tyd en sê: “Ek wens dat dit met jou in alles goed mag gaan en dat jy gesond is” (3 Joh. 2).

Maak geen fout nie! Ons verkondig nie 'n evangelie van “voorspoed” of “gesondheid en welstand” nie. Die presiese fokus van God se lewenswyse is nie hoe om te “kry” nie, maar eerder hoe om te “gee” en daardeur te leer hoe om in ware vrede en rustigheid, gevul met entoesiasme en vreugde te leef! Nietemin seën God en gee Hy materialistiese voorspoed aan diegene wat Sy wette van finansiële sukses behoorlik nakom.

Indien ons *getrou ons tiende betaal* en *ons deel* doen, sal die grote God vir wie ons dien, ons **nooit** in die steek laat nie! Ons hemelse Vader sal *altyd* in ons ware behoeftes voorsien. Hy sal nooit toelaat dat ons finansiële ten gronde gaan en haweloos of verhongerd sal wees nie. Dit mag nie eens 'n moontlikheid blyk te wees nie, maar namate die gebeure wat Jesus spesifiek voorspel het, begin plaasvind – insluitende droogte, hongersnood en siekte-epidemies (Matt. 24:7; Op. 6:5-8), sal die belofte van God se seën en beskerming *baie aanloklik* begin lyk!

Koning Dawid van Israel is geïnspireer om te skryf: “Deur die Here word die gange van 'n man bevestig, en Hy het 'n welbehag in sy weg. As hy val, dan stort hy nie neer nie; want die Here ondersteun sy hand. Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie” (Ps. 37:23-25). Omdat ons God en Verlosser “gister en vandag dieselfde [is] en tot in ewigheid” (Heb. 13:8), het God Homself daartoe verbind om Sy *getroues* te versorg gedurende

swaar tye wat voorlê. Hoe *noodsaaklik* is dit nie dat ons ons Skepper *ten volle gehoorsaam* nie!

Daar is ook belangrike geestelike voordele aan verbonde. Vir 'n regte verhouding met God, is dit belangrik dat 'n mens jou gedagtes vrymaak van vrees, twyfel en kommer. 'n Eindelose geknies oor hoe om die volgende huis- of voertuigpaaie ment by te bring, veroorsaak dat ons selfgesentreerd raak en nie in staat is om waarlik op God en dít wat Hy ons wil leer, te fokus nie. Die bekommernis en angs oor geldsake is 'n vyand van **geloof in God** (vgl. Matt. 6:24-34; Luk. 12:13-34). Geloof in God, insluitende geloof in Sy bewese en egte beginsels, is 'n integrale deel van die ware oplossing vir ons finansiële beproewinge.

Ongelukkig is die meeste mense onbewus daarvan dat God enigiets belangrik te sê het oor ons persoonlike finansies. Daardie algemene onkunde, tesame met onverstandige spandeergewoontes, is hoofsaaklik die rede waarom baie mense skaars die toring na die nering sit. Hul fondse blyk onvoldoende te wees vir meer as net om aan die lewe te bly. Dit is ook deel van die rede waarom so baie mense vasgevang is in groot persoonlike skuld en nie in staat blyk te wees om hul van daardie beklemmende nagmerrie te bevry nie! Sulke mense gaan dikwels gebuk onder depressie en selfbejammering.

Maar soos u reeds in hierdie boekie gesien het, is daar wel 'n uitkoms! Daardie uitkoms *verg* egter **geloof in God en onderworpenheid aan Sy gebooie** (Ps. 19:8-12). Ongelukkig dink baie mense dat onderwerping aan God gelyk is aan 'n lewe onder tirannie, terwyl die teenoorgestelde egter waar is! “Sy gebooie is **nie** swaar nie” (1 Joh. 5:3)! God se weg is altyd bevrydend; dit bevry ons van verdrukking en swaarkry. “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig” (Matt. 11:28-30).

Ons finansiële laste is geen uitsondering nie. Indien u in 'n diep finansiële groef beland het, of dit in die toekoms wil vermy, moet u ag slaan op God se opdragte. U lewe sal sodoende merkwaardig geseën wees en God sal u gevolglik help om enige finansiële probleme wat u in die gesig staar, op te los!

Ter opsomming, is ons nou definitief in die geprofeteerde “laaste dae” van hierdie wêreld se samelewing soos ons dit ken (2

Tim. 3:1). Die lewende Christus gaan binnekort kom om die regerings van hierdie wêreld oor te neem (Op. 11:15). God roep nou 'n paar duisend individue wat gewillig is om onder Christus te dien in Sy komende wêreldregering. Hy “toets” Sy mense om te sien op wie Hy werklik kan *staatmaak* – diegene wie se harte werklik vandag in Sy diens en Werk is. God onthul dat Hy ons gebede hoor “omdat ons Sy *gebooie bewaar* en **doen** wat welgevallig is voor Hom” (1 Joh. 3:22).

In die gedagtes van 'n eerlike Bybelstudent moet daar *geen twyfel* wees of die betaling van tiendes aan God en Sy Werk enigsins “welgevallig” voor God is, aldan nie! Nog lank voor die “wet van Moses” het Abraham tiendes betaal en dit was definitief vir ons 'n belangrike voorbeeld, omdat Abraham bekend staan as die “**vader** van die getroues”, die eerste tipe persoon wie se voorbeeld ons almal moet navolg.

As deel van 'n profesie wat die gaping tussen die Ou- en Nuwe Testament “oorbrug”, geplaas in die *heel laaste* boek van die Ou Testament en wat die aandag fokus op die Nuwe Testament, inspireer God die profeet Maleagi om ons te vertel: “Mag 'n mens God beroof? Want julle beroof My, en julle sê: Waarin het ons U beroof? In die **tiendes** en die **offergawe**” (Mal. 3:8). Diegene wat probeer om by tiendeheffing verby te kom en hierdie eenvoudig duidelike vermaning ignoreer, gaan **geskud** word tydens die dag van God se wraak!

Ten slotte, toe een van die persoonlikhede van God Homself “ontledig” het (Fil. 2:7) en afgekom het aarde toe, het Hy gesê dat ons moet leer om “die reg, die barmhartigheid en die trou” te beoefen, “sonder om die ander [**tiendeheffing**] na te laat” (Matt. 23:23). Kan *u* dit waag om ongehoorsaam te wees aan hierdie direkte opdrag van die Seun van God? Kan *u* dit waag om God se wet aangaande tiendeheffing “na te laat”?

Namate hierdie huidige wêreld tot 'n einde kom en die God van die hemel op die aarde neerkyk om te onderskei watter manne en vroue Hom waarlik *vrees* en 'n diepgaande respek vir Hom en Sy wette het, is dit te betwyfel of Hy baie geïnteresseerd is in die slinkse redenasies van vleeslike mense wat Sy opdrag om tiendes te betaal, probeer omseil. Ons Skepper leer ons eerder: “Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat **bewe** vir My woord” (Jes. 66:2).

God se mense betaal tiendes!

Mag God gee dat elkeen van ons 'n waarlik gewillige hart en verstand sal hê, sodat ons voortdurend daarna sal streef om te sien hoe naby ons aan God kan wees en nie hoe naby ons aan die rand van die afgrond kan kom sonder om af te val nie. Laat elkeen van ons in gebed vasstel *hoeveel* ons kan doen om te help voorberei vir God se Koninkryk en om Sy boodskap na hierdie kwynende wêreld te stuur.

Suid-Afrika

Lewende Kerk van God

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS

9880

Tel: (058) 622-1424

Faks: (058) 623-1303

Plaaslike Kantore

VERENIGDE STATE VAN AMERIKA:

P.O.Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
<http://www.livingcog.org>

AUSTRALIË:

GPO Box 772
Canberra, ACT 2601, Australia
Tel: (07) 3841-8360
of Vryskakel: 1800-816-543
Faks: (07) 3841-8325

NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767
Auckland, New Zealand
Tel/Faks: 09-435-3592

FILIPPYNSE EILANDE:

MCPO Box 1774
Makati City 1257, Philippines
Tel: 63-2-813-6538
Faks: 63-2-867-1569

SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016, Harrismith, FS 9880
Republiek van Suid-Afrika
Tel: (058) 622-1424
Faks: (058) 623-1303

KANADA:

P.O. Box 27202
Toronto, Ontario M9W 6L0
Tel: (905) 671-3730
Faks: (905) 671-9599

VERENIGDE KONINKRYK:

P.O. Box 9092
Motherwell, ML1 2YD Scotland
Tel/Faks: 44-1698-263-977

**Die Lewende Kerk van God bied 'n
verskeidenheid van gratis literatuur aan
insluitende 'n Bybelstudiekursus, boekies en
die *Wêreld van Môre*-tydskrif.**

**Die volgende boekies is geskryf met die doel
om u te help om God se doel met die wêreld en
u lewe in die besonder beter te verstaan.**

**Om u gratis literatuur aan te vra, verwys
asseblief na die vorige bladsy vir die adres in
Suid-Afrika, of verkry u Afrikaanse literatuur via
die Internet by www.wvm.co.za**

Wat is 'n Ware Christen?

Glo u die ware Evangelie?

Hervestig die oorspronklike Christenskap